

Woensdag 25 Augustus

Skrifgedeelte: Job 34

Fokusgedeelte: Job 34:14-15

Vertrou op die Here tydens die “waaroms” van die lewe!

In Job 34 vind ons Elihu se tweede gesprek en rede. Job kla ten onreg dat God onregverdig regeer!

Die vraag in hierdie hoofstuk is: Regeer God altyd ewe regverdig (34:17)? Dit was Elihu se rede-aanvoering (34:31). Ons weet immers (vanuit die vorige hoofstukke) hoe die drie vriende hierdie vraag beantwoord het. Ons weet óók immers (vanuit die hele Skrifopenbaring) dat God regverdig is en nooit onreg doen nie (34:10, 12)! In Job se oë sien hy 'n klomp uitsonderings op God se reël (34:5-6). Dit is juis wat Elihu in sy tweede gesprek by wil uitkom: dat die Godsbestuur (hfst 32-33) nog steeds geld dat God oor alles regeer (34:31-37).

Elihu neem hier 'n ander posisie in as in die vorige twee hoofstukke. Hier staan hy as't ware 'n tree terug – hy bestraf nie vir Job oor die oorsaak van sy lyding nie, máár hy bestraf hom oor sy houding ónder die lyding (gesindheid) (34:31-32). Vir Elihu is Job geen goddelose nie, maar 'n regverdige wat in die geloof gelouter moet word. Daarom vermaan hy Job (vs 17-18, 29) oor sy taal (opstandig en hoogmoedig). Daarom wou Elihu hom tot die besef bring dat hy nie God se regverdigheid in twyfel kan trek nie (vs 29-30).

Elihu roep hom tot besinning en geloof! Die lesse wat Job moes leer, is: God behandel jou nooit onregverdig nie (vs 1-9). God is juis die Skepper en liefdevolle Onderhouer van dit wat Hy geskep het (vs 10-15). Hy besit die regeermag (vs 16-20). Hy regeer nie net nie, maar is ook die Alwetende (vs 21-33). Elihu bring hom op 'n pastorale manier by die kern uit hoe God regeer! (vs 21).

God se weë is vir ons as mens soms onverstaanbaar! Soos Jesaja 55 sê: *Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. In sy wysheid en in sy almag het Hy naby ons gekom, onder en in ons kom woon* (Joh. 1). Dit het Hy juis aan ons geopenbaar in en deur sy Seun Jesus Christus! In die onverstaanbaarheid (beperkte insig) lei die Here ons, net soos Elihu vir Job, om na ons gesindhede te kyk. Die feit is: Hy regeer (hfst. 34)! Maar in sy regering het ons 'n opdrag as dienskneg om die ware Dienskneg se spore na te volg (deur die Woord) (Fil. 2).

Soos Salomo in Spreuke 22 sê: *Wie nederig is, dien die Here ...!* Mag ons God deur sy Gees ons lei om waarlik sy Woord prakties uit te leef! Die Gees sal ons in die volle waarheid lei (Joh. 16:13). Daarom hoef jy nie te vrees vir die dag van môre of oormôre nie (Matt. 6:34) omdat dit alreeds deur God bepaal is (Ps. 139:16).

Leef vanuit dié geloofswete! Vertrou die regverdige God, want Hy onttrek Hom nie van jóú nie (vs 14)! Hy het juis vir jou die asem van die lewe gegee (vs 15) om Hom as sy kind bo alles te dien!

Sing: Psalm 145-1:1, 10, 12

Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)